

Die Here is naby

Reeks preke oor die brief aan die Filippense

Dr AH Bogaards

2014

Preek 8

Lees: Fil.2:1-11

Teks: Fil.2:5

Datum: 9 Februarie 2014

Psalms: Ps.150:1,2; Ps.86:1; Ps.86:6; Ps.133:1,2; Ps.72:11

1. Inleiding:

Meermale in hierdie reeks het ons al gehoor: **blydskap**, dit is die groot tema van hierdie wonderlike brief.

Soos 'n goue draad loop dit daardeur. Telkens praat Paulus van sy geloofsvreugde en verskeie male roep hy die Filippense daartoe op : verbly julle!

Selfs onder sy uiters moeilike omstandighede daar in die tronk kon die apostel hom verbly. Hoe is dit moontlik? Wel, hy het geweet : **die Here is naby**. Dit wil sê : die Here is daar in die tronk by hom om Hom te help. Nooit is hy sonder sy almagtige Helper nie. Die Here is naby - dit wil ook sê: sy wederkoms is naby, daardie dag as Hy weerkom om alles heerlik nuut te maak, die dag van die volkome verlossing. Die Here is naby - is dit 'n wonder dat Paulus so borrel van vreugde?

Die apostel was dus bly. En tog, tog was daar iets wat 'n domper op sy vreugde geplaas het. Sy blydskap was tog nog nie volkome nie. Daar het iets gehaper, daar het iets gekort. Die Filippense-brief, ons kan dit in 'n sekere sin '**n lied** van blydskap noem. Maar al word daar in die hoë tone gejubel, tog is dit asof hierdie **sang van vreugde nie sy hoogste moontlike toon bereik nie**. Wat

was dan die probleem? Wel daar was 'n ernstige *gebrek aan eensgesindheid* by die Filippense. Dit maak dat Paulus se vreugde half is.

Want hoor maar wat sê hy: ... *maak dan my blydskap volkome*. Hoé moes hulle dit doen? *Deur eensgesind te wees*. Ja, eers dan sal Paulus se vreugdesbeker oorloop, eers dan sal sy vreugde volmaak wees : as die gemeente eensgesind is!

Ons stel almal belang in vreugde. Dit is iets wat elkeen van ons so graag wil hê. Daarom, wil ek beweer, daarom juis is die Filippense-brief so 'n gewilde brief. En daardie **blydskap het alles met God te make**, met wat Hy vir ons gedoen het en nog steeds doen. **MAAR** dit is **nie al nie**. Egte, ware blydskap het *ook alles te make met my broeder en suster*. Ja, dit het alles te make met **eensgesindheid onderling**. **DAAROM**: waar die eensgesindheid opbloeit, blom die blydskap in volle prag ook in eie lewe.

Ons staan daarom vandag stil by die saak van eensgesindheid in die gemeente: **eensgesindheid as die VOL-MAKER van my geloofsblydskap**. En hierdie **TEMA** behandel ek dan aan die hand van die volgende twee punte:

1. die **OPROEP** tot eensgesindheid; en
2. die **MOTIVERING** tot eensgesindheid.

As eerste hoofpunt dan:

2.1. die OPROEP tot eensgesindheid

Daar was iets wat geskort het by die Filippense. Iets wat so swaar op Paulus se hart gelê het, dat sy blydskap maar net half was. En die probleem was: die gebrek aan eensgesindheid. Daarom hierdie ernstige oproep van die apostel: wees eensgesind!

Maar ons moet nog dieper kyk : hierdie is **nie maar net 'n oproep van 'n sekere apostel nie**. Dit is nie maar net dominee sus-of-so wat u vra: wees eensgesind nie. Nee, Christus deur sy Heilige Gees is tog die groot Skrywer van hierdie brief. Daarom is dit Christus Self wat die **Filippense en elkeen van ons ernstig vermaan** : wees eensgesind! Dit is ook nie sommer net 'n vriendelike versoek nie : dit is 'n BEVEL, 'n opdrag van ons hemelse Generaal aa sy leër. Dit *moet* gehoorsaam word.

Van nature is ons nie eensgesind nie. Soos ons deur die sonde geword het, ontbreek dit ons daaraan. Ons is **nie eens-gesind** nie, maar **verkeerd-gesind**. Ons twis, ons baklei, ons is jaloers op mekaar en ons gun mekaar niks nie. Dit is **vleeslike gesindheid**. Dit maak dat ons nie eensgesind is nie.

Soos 'n goeie geneesheer kom Paulus nou in ons tekshoofstuk en hy wys die OORSAAK aan, die wortel van die siekte. Daar is **twee oorsake**, sê hy. *Eerstens* is daar *selfsug* en *tweedens* die apostel *hoogmoed*.

1. Ek begin dan by die eerste : *selfsug*. Dit was die een probleem by die Filippense, maar nie net by hulle nie. Dit is iets algemeen. Ook ons het 'n stryd met dié siekte, sonde. Deur die sondeval van Adam het dit na ons almal versprei en elkeen van ons is daardeur aangesteek. En die woord sê al wat die probleem is : *self-sug*, **'n sug na jouself**, 'n begeerte om net aan jouself te dink. En ervaar ons dit nie elke dag nie: mens leef net vir hulleself? Ons leef bymekaar verby. Ons eie belange is vir ons die belangrikste : ons werk, ons probleme, ons nood. Ons dink nie aan mekaar nie. Ons het geen oog vir die node en behoeftes van ons mede-mens nie. Ons praat net van ons regte en ons dit en ons dat. *Samevattend*: self-sug beteken dat ons beheers word deur onself. Ons het net oog vir ons eie belange. Dit regeer ons.

Dit spreek vanself dat so 'n geestesgesteldheid verdeling in die hand moet werk. So kan daar nooit eenheid en eensgesindheid in die wêreld en in die kerk kom nie.

2. Die tweede waarop die apostel sy vinger lê, is die siekte van *hoogmoed*. Hierdie kwaal kom daarop neer dat ons onself veel en veel belangriker as ander beskou. Ons sien neer op mekaar. Om dit so te verduidelik: ons beskou onself as konings en **'n kenmerk van 'n koning is dat hy gedien wil word**. Hy dien nie ander nie, maar ander dien hom.

Dit is, net soos self-sug, 'n verdelende faktor in die samelewing en onder die gelowiges. As hierdie gees in ons regeer, sal ons nie na ander toe gaan en hulle dien nie. Ja, laat ons dit maar beken: dit is swaar vir 'n koning om klein te word. Dit is moeilik vir 'n vors om 'n dienskneg te word en die ander se voete te was. Maar as ons dit nie wil nie en as ons nooit die minste en die geringste wil wees nie, kan daar geen eenheid wees nie.

→SAMEVATTEND: selfsug en hoogmoed kom daarop neer dat ons beheers word deur onself en deur eie belang. Daarop is ons oë gerig.

> Daarteenoor roep Paulus nou die Filippense en die kerk van alle eeue op tot **EENSGESINDHEID**. Dit is meer as maar net eenheid. Die woord *eensgesindheid* beteken soveel

as: **om jou deur dieselfde saak te laat beheers**. Jy rig jou aandag op dieselfde saak. Nie die *self*, die *eie-ek* is dan meer koning nie. Nie die sondige selfsug en eie-belang dryf jou meer nie. NEE, MAAR die belange van Koning Jesus en sy gemeente - ons laat ons daardeur beheers. Die saak wil ons dien. Dit is vir ons die alles. En as dit so met ons gesteld is, is ons eensgesind. EEN-gesind - ons lewe is toegespits op daardie een groot saak: God en sy koninkryk. Die Here en sy gemeente - dit wil ons DIEN.

Dit is die groot saak waarop Paulus vandag ons aandag wil vestig: DIEN! DIEN! DIEN! Dat ons DIENSKNEGTE sal wil wees, mens wat alles oor het vir die Here en sy kinders. Daarom gaan dit in EENSGESINDHEID. Dan kom daar ook werklik eenheid onderling.

Maar hoe kry die apostel nou die gemeente so ver om so te word? Hoe spoor hy hulle tot hierdie dienskneggesindheid, hierdie eensgesindheid aan?

Dit bring ons by ons tweede hoofpunt:

2.2. die MOTIVERING tot eensgesindheid

Motivering is vandag 'n belangrike saak. As mense nie gemotiveerd is nie, werk hulle nie. En as 'n sportspan nie reg gemotiveer is nie, sit hulle nie alles op alles om die wedstryd te wen nie.

Hoe motiveer Paulus dan die kerk? Doodeenvoudig: HY VESTIG ONS AANDAG OP **DIE VOORBEELD VAN CHRISTUS**. Dit doen hy in **verse 6-11**.

Calvyn stel dit so skitterend:

- *aan die eenkant*, sê hy, *spoor* Paulus ons *aan* met die voorbeeld van Christus;
- *aan die anderkant*, sê Calvyn, *lok* die apostel ons met die voorbeeld van ons Heiland.

Hy spoor ons aan en hy lok ons, hy dryf ons en trek ons. **Die voorbeeld van Christus** is die groot **dryfkrag** en **trekkrag** tot eensgesindheid en diensbaarheid.

By altwee hierdie dryfvere wil ek met u stilstaan:

1. In die *eerste* plek *spoor* God ons aan met die voorbeeld van Christus. Hier gaan dit oor verse 6-8. Die inhoud daarvan vat ek so saam: Hy wat Koning was, het dienskneg geword, lydende dienskneg, om ons ontwil.

In aangrypende, hartroerende woorde skilder Paulus die dienswerk van Christus: Christus - dink u dit in -, Christus was met koninklike heerlikheid beklee. Hy het gewoon in die hoë, heerlike hemel, in sy koninklike paleis. Hy was omstraal met mag en majesteit. En tog het hy nie krampagtig daaraan vasgehou nie. Hy kon dit gedoen het as Hy wou. Hy kon net aan Homself gedink het en rustig op sy koninklike troon bly sit het en ons in ons sonde-ellende laat vergaan het. En tog het Hy dit nie gedoen nie. Inteendeel, Hy het sy koninklike luister neergelê. Hy het die gestalte van 'n dienskneg aangeneem.

Hy, die Koning van alle konings en die Here van alle here, het in die gedaante van 'n dienskneg na ons toe gekom. En wat het daardie diens, daardie dienskneg-wees nie alles behels nie. Want Hy het *Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis*. Daarop het sy dienswerk neergekom: dat Hy moes sterf. En dan nie sommer 'n gewone dood nie, maar 'n aller verskriklikste dood: die bittere en die smadelike dood van die kruis. Bange pyn en helse Godverlatenheid - daarin is sy dienskneg-wees saamgevat.

Waarom het Hy dit alles gedoen? Ter wille van die eer van sy Vader en om ons te kon verlos van die ewige dood. Daarvoor het Hy *alles* oorgehad. **Dit was sy gesindheid. Dit** het Hom beheers.

En nou sê Paulus: **daardie gesindheid** moet **óók in ons** wees. Net soos ons Koning moet ons bereid wees om te dien. Ja, ons moet klein word en dink in die eerste plek aan die eer van God se Naam en tweedens ook aan ons naaste se belange.

Ag, dit is vir ons so moeilik, nie waar nie? Ons wil nie die minste wees nie. Maar kyk dan na u Koning: hoe diep het Hy Hom nie verneder om ons ontwil nie. As Hy dan **alles** vir ons oorgehad het, sal ons dan nie ook **alles** vir sy kerk oor hê nie?

Christus het ook nie gesê: Ek kom net vir goeie mense en Ek sal net daardie mense dien met my kruis wat lief is vir my, nie. Nee, die ontsaglik wonder is dat Hy gekom het vir vyande. Hy het kom sterf vir sondaars. Daarom behoort u ook nie net diegene te dien wat goed is vir u nie.

2. Maar Paulus spoor nie net aan met die voorbeeld van Christus nie. Hy *lok*, hy trek ons ook. En dit doen hy in verse 9-11. Daarby staan ons in die *tweede* plek stil.

Christus het alles vir God oorgehad. Hy was bereid om dienskneg te wees. Maar daarom het die **beloning** ook nie uitgebly nie. Want, sê die apostel, **DAAROM, daarom het God Hom ook uitermate verhoog...**: Hy is opgeneem in heerlikheid. Hy het 'n ereplek ontvang. **Dit was sy loon**, omdat Hy bereid was om dienskneg te word.

Maar waarom skryf Paulus al hierdie dinge? Om ons te leer: die **weg van vernedering, die pad van dienskneg-wees, dít is die weg van heerlikheid**. Langs daardie weg sal ons ook verheerlik word. Op hierdie pad sal die loon ook vir ons nie uitbly nie. Hierdie uitsig moet ons lok en trek op die pad van diensbaarheid aan God en medemens.

Paulus gebruik meermale van hierdie beelde om ons aan te spoor om die goeie stryd te stry tot die einde toe. In 2 Tim.4:7-8 sê hy byvoorbeeld: ***Ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou. Verder is vir my weggelê die kroon van geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in die dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar aan elkeen wat sy verskyning liefgehad het.***

Dit loon die moeite om die wedloop van dienskneg-wees te hardloop. Want aan die einde daarvan wag 'n groot beloning. Laat dit ons dan aanspoor om mekaar se diensknegte en bowenal God se diensknegte te wees.

NOG EEN SAAK: hoe kom hierdie goeie gesindheid in ons hart? Hoe word ons diensknegte? As die vleeslike gesindheid in ons sterf. Die ou mens in ons is vleeslik gesind. Maar aan en deur die kruis word die ou mens met sy vleeslike gesindheid gedood. Die kruis is die geneesmiddel. Die geloof in die kruis. En die opstanding van Christus. Want as ons saam met Christus opgestaan het, staan ons op as nuwe mense, eensgesinde mense.

Die kruis is die sterfbed van meneer en mevrou Selfsug en die opstanding is die geboortebed van broeder Dienskneg en suster Diensmaagd.

Solank jy nie werklik glo in die kruis en opstanding van Christus nie, bly jy 'n meneer en 'n mevrou. Die kruis en opstanding maak meneer en mevrou tot egte broeders en susters.

3. Slot

Die eenheid lê buite onself in Christus. Wie dit in Hom soek, sal ook die voorbeeld van Christus navolg en die dienskneggestalte aanneem. Dan sal alles vanself, nee, deur Christus in die gemeente regkom.

AMEN